



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)

**GRAAD 11
FINALE EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
DERDE VRAESTEL
(NMY-79)**

TYD: 14H00 – 16H30

TOTAAL: 100 PUNTE

TYDSDUUR: 2½ UUR

DATUM: 10 OKTOBER 2012

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Derde Vraestel

INSTRUKSIES EN INFORMASIE

Lees die volgende voorskrifte noukeurig deur en voer dit asseblief uit.

1. Skryf in die antwoordboek wat in die eksamen voorsien word.
2. Neem die gegewe tydstoekening vir elke vraag in ag wanneer vrae beantwoord word.
3. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
4. **Nommer die vraag wat jy in elkeen van die afdelings kies, presies soos in die vraestel.**
5. Begin **elke afdeling** op 'n NUWE bladsy.
6. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Daar moet duidelike **bewys (proof) van beplanning / redigering** in jou skryfwerk wees. Jy moet ook die beplanning en redigering saam met jou finale skryfstukke **inhandig**.
7. Dui alle beplanning aan. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
8. Merk die finale skryfstuk duidelik as **FINALE SKRYFSTUK**.
9. Skryf die **vraagnommer** en **die onderwerp** neer. Formuleer jou **eie titel** as jy oor 'n **prent** in Vraag 1.6. skryf.
10. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.
11. Die vraestel en notas van enige student wat oneerlik te werk gaan, sal van hom of haar verwyder word. Die Kollege sal dissiplinêre maatreëls toepas om die integriteit van hierdie eksamen te beskerm.
12. Indien daar iets verkeerd is met, of uitgelaat was, in die vraestel of antwoordboek, lig asseblief dadelik die toesighouer in. As die toesighouer nie oor 'n probleem ingelig word nie, sal die Kollege dit nie later kan regstel nie en sal die punte nie aangepas kan word as gevolg van die probleem nie.
13. Hierdie vraestel mag van die eksamenlokaal verwyder word *na* afloop van die eksamen.

Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings: Afdeling A, Afdeling B en Afdeling C. Jy moet **EEN vraag uit elke afdeling** beantwoord.

AFDELING A		
Opstel 200 – 250 woorde	Bestaan uit 5 onderwerpe (1.1 – 1.5) + drie <u>prente</u> in Vraag 1.6 Beantwoord <u>een</u> van die vrae	50
AFDELING B		
Transaksioneel (lank) 120 – 150 woorde	Bestaan uit 4 onderwerpe Beantwoord <u>een</u> van die vrae	30
AFDELING C		
Transaksioneel (kort) 80 – 100 woorde	Bestaan uit 3 onderwerpe Beantwoord <u>een</u> van die vrae	20
TOTAAL: 100 PUNTE		

NOTA: Alle visuele materiaal H Olivier en Google Images – 13/06/2012

BEANTWOORD EEN VAN DIE VRAE

VRAAG 1

- Kies **EEN** vraag en skryf 'n OPSTEL van **200 tot 250 woorde** daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1

Suid-Afrikaners is morsjorse!

Jy het onlangs 'n pragtige park besoek en was geskok oor die rommel (*rubbish*) en gemors wat oral in die park rondgestrooi was.

Skryf 'n **opstel** oor verskillende soorte besoedeling (*pollution*), redes waarom mense so mors en stappe wat geneem kan word om die situasie te verbeter.

OF

1.2

VAN DAARDIE OOMBLIK AF HET ALLES VERANDER . . .

lets het gebeur wat jou hele lewe in 'n ander koers (*direction*) gestuur het.

Skryf nou 'n **opstel** oor hierdie insident en presies wat gebeur het wat jou lewe so verander het.

Dink aan die volgende:

- Die insident wat jou lewe verander het
- Wat presies gebeur het
- Hoe jy nou daarvoor voel

OF

1.3

SUID-AFRIKANERS EET TE VEEL GEMORSKOS

Skryf 'n **opstel** waarin jy jou mening hieroor uitspreek. Jy moet 'n duidelike standpunt inneem.

Dink aan die volgende:

- Redes waarom mense gemorskos eet
- Watter soort kos mense die meeste eet
- Die nadele van gemorskos
- Jou standpunt oor gemorskos



OF

1.4

MY DROOMVAKANSIE

Jy het 'n heerlike, opwindende vakansie gehad.

Skryf 'n **opstel** waarin jy van hierdie ervaring vertel.

OF

1.5

**Hierdie restaurant is
'n wenner!**

Jy het onlangs 'n heerlike aandjie in 'n wonderlike restaurant gehad.

Skryf nou 'n **opstel** en vertel van hierdie aand. Onthou die klem moet op die restaurant val!

Dink aan die volgende:

- Watter restaurant dit was
- Watter geleentheid dit was
- Die dekor en atmosfeer van die restaurant
- Die kos wat bedien is
- Die diens in die restaurant

OF

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Derde Vraestel

1.6 Kies **EEN** van die visuele tekste hieronder en skryf 'n **opstel** daaroor. Gee jou skryfstuk 'n **titel**.

1.6.1



OF

1.6.2



OF

1.6.3



[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

BEANTWOORD EEN VAN DIE VRAE

VRAAG 2

- Kies **EEN** vraag en skryf **120 tot 150 WOORDE** oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het onlangs die geleentheid gehad om naby Gansbaai saam met 'n paar gevaarlike haaie te swem.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan 'n vriend(in) en vertel hom/haar van hierdie spesiale ervaring.



OF

2.2 DIALOOG

Jy het planne om vir 'n jaar oorsee te gaan werk. Jou ouers weet nog nie van jou planne nie.

Skryf nou **die gesprek** (*discussion*) as jy hulle van jou planne vertel in **dialoogvorm** neer.

In die gesprek moet die volgende na vore kom:

- Presies waarheen jy wil gaan
- Die soort werk wat jy beplan om te doen
- Redes waarom jy oorsee wil gaan werk
- Die voordele (*advantages*) verbonde aan so 'n stap

OF

2.3 PRAATJIE

Jy help gereeld oor naweke by die Dierbeskermingsvereniging (DBV). Die Damesklub vra jou om hulle toe te spreek oor die werk van die DBV en wat jy alles daar doen.

Skryf nou **die praatjie / toespraak** wat jy vir die dames sal gee.



OF

2.4 **KOERANTBERIG**

Jy is 'n joernalis van *JIP* (die jeugkoerant van *Die Burger*) en het die matriekdans van Bergsig Hoërskool bygewoon.

Skryf nou 'n **koerantberig** oor hierdie **matriekdans** vir die *JIP*-koerantjie.

As jy vashaak, dink aan die volgende:

- Waar en wanneer hierdie dans plaasgevind het
- Die dekor en tema van die aand
- Hoe die matrieks die aand ervaar het



[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

BEANTWOORD EEN VAN DIE VRAE

VRAAG 3

- Kies een vraag en skryf **80 tot 100 WOORDE** oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 DAGBOEKINSKRYWING

Jy en jou vriend/in van baie jare, het 'n hewige rusie gehad.

Maak nou 'n **dagboek-inskrywing** en skryf jou gevoelens oor hierdie rusie neer.

Dink aan die volgende:

- Waaroor die rusie gegaan het
- Jou kant van die argument
- Jou gevoelens en planne vir julle vriendskap vorentoe

OF

3.2 E-POS

Daar is 'n **nuwe baba** in julle familie!

Skryf nou 'n **e-pos aan 'n familielid oorsee** en vertel hom/haar hiervan. (Teken die epos-vorm in jou antwoordboek en onthou om die epos-adres en onderwerplyn (*subject line*) ook neer te skryf!)



OF

3.3 KENNISGEWING

Jy is die kaptein van 'n plaaslike sokkerklub. Julle beplan 'n vleisbraai om die seisoen gesellig af te sluit.

Stel nou 'n kennisgewing op wat jy op die kennisgewingbord in die klubhuis gaan plaas en gee alle inligting oor hierdie vleisbraai.

As jy vashaak, dink aan die volgende:

- Die datum en tyd van die vleisbraai
- Die plek waar dit gaan plaasvind
- Reëling (*arrangements*) rondom die vleisbraai
- Jou kontakbesonderhede

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100 PUNTE
